Maandag

Mat. 22: 41 – 23: 10; Hand. 2: 32 – 39; Efesiërs 2: 11 – 13, 19. Teks: Hand. 2: 39: “Want die belofte is bedoel vir julle, en ook julle kinders, en almal daar ver, almal wat die Here ons God na Hom sal roep.” Tema: 'Ons kinders is burgers van Christus se koninkryk.' Koningskap en burgerskap! Hierdie twee sake is altyd op mekaar aangewese. ‘n Koning is die regeerder van ‘n staat en die burgers die lede van die staat. Koningskap is die regering van ‘n koninkryk en burgers is die volk van die koninkryk. In die koningskap, die heerskappy van Christus oor sy volk, sy kerk, is kinders burgers van sy koninkryk. Dit is die betekenis van Petrus se aankondiging in sy preek op Pinksterdag: die belofte van God wat Hy waar en geldig maak, maak Hy waar en geldig vir ouers en hul kinders. Kinders is ook deel van die heerskappy van Jesus Christus. Die botsing tussen Jesus Christus en die Fariseërs in Matteus 22 gaan oor twee stoele! Die een stoel noem Jesus die
“stoel van Moses” en die tweede stoel is die plek waar Jesus aan die regterhand van God die Vader sit. Nie een van hierdie twee soorte stoele is regte stoele nie. Dit is soos die “ stoel” waar pa in die sitkamer of kombuis op sit. Dit is presies dieselfde soorte stoel as al die ander stoele, maar een is “ pa se stoel.” Pa se stoel beteken die gesagsposisie wat net hy in die huis het. Dit is soos die president se stoel in die parlement en ‘n regter se stoel in die hof. Dit is sy gesagsposisie om te kan regeer en te kan besluit. Net soos pa agter die stuurwiel sit in ‘n motor. Dit is sy stoel want hy bestuur. Hy het die gesag om te bestuur. Die twee stoele in Matteus 22 is twee soorte gesagsposisies. Die een posisie “ aan die regterhand van God” is God self wat heers en regeer. Die ander stoel noem Jesus die stoel van Moses om te wys die Fariseërs (soos alle geestelike leiers in die wêreld), maak vir hulle ‘n eie magsposisie oor mense. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za    Ds Petrus.

Dinsdag

Mat. 22: 41 – 23: 10; Hand. 2: 32 – 39; Efe. 2: 11 – 13, 19. Teks Hand. 2: 39: “ Want die belofte is bedoel vir julle, en ook julle kinders, ... ” Tema: 'Ons kinders is burgers van Christus se koninkryk.' Jesus Christus openbaar in Matteus 22 dat Hy die Seun van Dawid is, maar ook die Seun van God, volgens die Dawidsbelofte dat die Christus Dawid en God die Vader se Seun sal wees. Dis die Dawidsbelofte in 2 Sam.7: 11ev. Jesus Christus sit nooit op Moses se stoel nie. Hy het Hom nie deur die Jode op hierdie stoel laat sit nie - al wou sy eie dissipels, die volk en die Fariseërs die Christus op hierdie stoel gesit het. Net so sit niemand anders as net Jesus Christus aan die regterhand van God die Vader nie. Geestelike leiers sit altyd net op die “stoel van Moses.” Hoe verskil hierdie twee regeringswyses en die twee koninkryke van mekaar? Die apostel Petrus verkondig in Handelinge 2 wat doen Jesus aan die regterhand van die Vader. Hy stel dit kort en kragtig: Jesus Christus is Here én Christus en Hy ontvang en stort die Heilige Gees uit oor die volk van God. "ONTVANG" die Heilige Gees beteken Hy is die Here van die Abrahamsbelofte soos openbaar in Esegiël 36 en Jeremia 31. Die regering wat Christus van die Vader ontvang is om met sy heerskappy die kerk van die Here van hul sondes te reinig, hulle in God se liefde en genade te laat leef (gee die Heilige Gees in hulle), hulle van hul harte met afgodsdiens te bevry (hul harte van klip te verwyder) en hulle God uit

liefde te laat gehoorsaam volgens sy wet ('n nuwe hart en gees gee). Dit is die manier waarop jy moet regeer as jy aan God die Vader se regterhand sit: jy moet hierdie onderneming van God in sy belofte self geldig maak vir die kerk. En, deel daarvan, dan moet jy die Gees uitstort! Dit beteken jy moet hierdie geldige beloftes nou waar en deel van elkeen se lewe in die kerk maak. Dit is soos met Eskom. Jy moet éérs die kraginstelling oprig en sorg dat dit werk en dán moet jy die krag voorsien en laat werk binne in elke huis. Jesus is Christus en Here. Self Dawid se Seun en self God die Seun van die Vader wat God se belofte aan Abraham ontvang, geldig maak en uitstort. Hy maak dit waar en maak dit deel van elke lid van God se volk. Dít is hoe regeer word aan die regterhand van God die Vader: die belofte moet ontvang en uitgestort word.
Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za   Ds Petrus.

Woensdag
Mat. 22: 41 – 23: 10; Hand. 2: 32 – 39; Efe. 2: 11 – 13, 19. Teks: Hand. 2:39: “Want die belofte is bedoel vir julle, en ook julle kinders, ... ” Tema: 'Ons kinders is burgers van Christus se koninkryk.' Hoe regeer hulle wat op Moses se stoel sit? Ons moet onthou daar is volgens God se Woord nié iets soos die stoel van Moses wat God instel en waardeur God regeer nie. Jesus Christus verwys met die benaming ("die belofte kom julle toe") na wat Jeremia aantoon in die belofte van God: “Ek sal my wet in hul binneste gee, en dit op hul harte skryf. Ek sal vir hulle ‘n God wees en hulle sal vir My ‘n volk wees. Hulle sal nie meer elkeen sy medemens of sy broer leer en sê: “ Ken die Here!” nie, want hulle almal sal My ken, van die kleinste tot die grootste onder hulle,” is die uitspraak van die Here (Jer.31: 33, 34). Daarteenoor: hulle wat op Moses se stoel sit, maak soos die Here sê mense nié oor sy kerk sal regeer nie: hulle skep vir hulle self ‘n magsposisie waarin húlle met húlle eie geestelike wette vir mense voorskryf wat, sê hulle, God vir hulle sê om te doen. Maar hierdie is ‘n ander koninkryk as God se koninkryk. Jesus openbaar die valsheid van hierdie magsposisie van geestelike leiers deur te stel dat ons mag nooit doen wat hierdie geestelike leiers doen nie. En die rede daarvoor is dat hulle niks doen nie. Hulle praat net en doen nie wat hulle sê ander moet doen nie. (Mat. 23:3) Hulle doen niks maar wil net wys! Wat wys? Dat hulle so na aan God leef dat hulle God se mag, God se lewe en God se persoon op aarde verteenwoordig vir ander mense. Daarom is hulle self en nié God nie, jou jou geestelike leier, jou geestelike leermeester en jou geestelike vader. Hulle is soos die regeerders in ons parlement vandag. Hulle wil sit om te wys hulle het die mag en hulle sal sê wat ander moet doen, maar self niks doen nie. Hulle wys mag en oefen sogenaamd geestelike mag uit, maar self gehoorsaam hulle God gladnie. Christus regeer deur beloftes waar te maak, maar geestelikes wys hulle verteenwoordig God se mag en daarom maak hulle geestelike wette wat ander mense moet onderhou - al hou hulle dit self nie. Dis alles net wind: hulle ontvang geen belofte van God nie en maak geen belofte van God vir enige iemand waar nie. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za    Ds Petrus.

Donderdag
Mat. 22: 41 – 23: 10; Hand. 2: 32 – 39; Efe. 2: 11 – 13, 19. Teks: Hand. 2:39: “Want

die belofte is bedoel vir julle, en ook julle kinders, ... ” Tema: 'Ons kinders is burgers van Christus se koninkryk.' Wie het burgerskap in hierdie twee verskillende koninkryke? In Christus se koninkryk is ouers en hul kinders deel van die Here Jesus se koninkryk. Dit beteken ouers en hul kinders het burgerskap van die koninkryk van die Here Jesus Christus. Dit is die krag van Petrus se aankondiging: “Want die belofte is bedoel vir julle, en ook julle kinders... ” (Hand 2: 39). "Die wat daar ver is", is hulle wat nie Israeliete is nie, soos Paulus dit uitwys: “Onthou dat julle in daardie tyd sonder Christus was, uitgesluit van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten opsigte van die verbondsbeloftes, sonder hoop en sonder God in die wêreld.” (Efe. 2: 12). In die Here se koninkryk sal hulle en hul kinders wat ver was, nou ook burgerskap kry van die koninkryk van Jesus Christus die Here.
Christus maak hierdie verbondsbelofte vir ouers en hul kinders waar:
* Hy reinig ouers en hul kinders van hul sondes - nie net vir die grootmense nie;
* Hy gee sy liefde en genade binne in ouers en hul kinders - nie net vir grootmense nie;
* Hy neem ouers en kinders se verharde harte uit hul binneste en gee hulle ‘n hart met liefde vir God en sy wet - nie net vir grootmense nie.
Kinders van gelowige ouers is nie onwettige immigrante, vreemdelinge en buitelanders in God se kerk nie. Hulle is nie sonder Christus sonder burgerskap van God se beloftes nie. Kinders het burgerskap van Jesus Christus se koninkryk en deel in al die beloftes van sy koninkryk. Dit is soos kinders wat in ‘n land gebore word. Ons doop vanoggend vir Aksel Lund. Sy ma het na Kanada geëmigreer en daar ‘n burger geword. Hy is as burger van Kanada gebore al is sy ma Afrikaans. Deur sy geboorte van ‘n ma wat burgerskap het, het hy burgerskap gekry. Want kinders van ouers kry dieselfde burgerskap as hul ouers. Daarom deel Aksel in al die beloftes wat Kanada vir hom inhou en is hy nie meer deel van die belofteloosheid van Suid Afrika nie. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za Ds Petrus.

Vrydag
Mat. 22: 41 – 23: 10; Hand. 2: 32 – 39; Efe. 2: 11 – 13, 19. Teks: Hand. 2:39: “Want die belofte is bedoel vir julle, en ook julle kinders, ... ” Tema: 'Ons kinders is burgers van Christus se koninkryk.' Wie het burgerskap in die koninkryk van die Fariseërs wat op die troon van Moses sit? Dit wys in die wyse waarop Fariseërs mense gedoop het. Hulle het ook ‘n spesiale waterritueel gehad om te wys hulle is rein. Hulle het nooit kinders met hierdie ritueel gedoop nie. Net mense wat geglo het wat die Fariseërs met húlle lewe gewys het en húlle geestelike wette aanvaar en uitgevoer het, het hulle gedoop. Net mense wat hulle as geestelike leiers aanvaar het en hulle "rabbi, leermeester en vader" genoem het, kon die teken ontvang. Nét hulle is rein.
Dus, hiervolgens:
* Kinders kan nie doen wat geestelike leiers van hulle volgelinge verwag nie;
* Kinders sien nie die sogenaamde mag wat mense uitbeeld en wys nie;
* Kinders sukkel om die gewone wette en regulasies van die lewe te verstaan;
* Kinders hoor nie en luister glad nie na snaakse geestelike wette nie;
* Kinders gee liefde én is stout.

* Kinders sien en hoor nie die mag van die stoel van Moses nie!

Volgens hierdie valse koninkryk kan kinders hulle nie as "dissipels van die koninkryk van geestelike leiers" gedoop word nie.
Maar wat gebeur in Christus se koninkryk? Hy maak kinders deel van sy koninkryk volgens die openbaring van die beloftes van God in Jer. 31:34 “Hulle sal nie meer elkeen sy medemens of sy broer leer en sê: Ken die Here!” nie. Want hulle almal sal My ken, van die KLEINSTE tot die grootste onder hulle,” is die uitspraak van die Here..” Van die kleinste af is almal burgers van Christus se koninkryk en deel in al die beloftes wat sy koninkryk inhou. Ons kinders is nie buitelanders en onwettige immigrante wat geen deel het aan die beloftes van God nie. Hulle is medeburgers van die huisgesin van God en dra die teken van die koninkryk – die doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.
Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za   Ds Petrus.

Saterdag ekstra
Mat. 22: 41 – 23: 10; Hand. 2: 32 – 39; Efe. 2: 11 – 13, 19. Teks Hand. 2:39: “ Want die belofte is bedoel vir julle, en ook julle kinders, ... ” Tema: 'Ons kinders is burgers van Christus se koninkryk.' Die burgerskap van ons kinders van die koninkryk van Christus plaas op ons as ouers die verpligting om hulle só te aanvaar en só groot te maak – as burgers van die koninkryk van God. Ons moet hulle so aanspreek en so hanteer. Daarom moet ons vir hulle van kleinsaf sê dat wanneer hulle iets verkeerds doen, die Here hulle van wat hulle gedoen het, GEREINIG HET, dat hulle vir God heilig en reg BLY - al is hulle stout. Dit moet ons vir en saam met hulle glo. Ons moet wag vir God om wanneer hulle
* hardekwas word dat God hulle harde harte sal wegvat soos Hy ook aan kinders beloof het
* en wanneer hulle selfsugtig is vir hulle kan vertroos dat God hulle weer liefde in hul harte sal gee.
Ons moet vir hulle verseker dat God al sy beloftes aan hulle sal vervul want dit is hoe Jesus Christus hulle Here is en hulle regeer. Om hulle só as medeburgers van God se koninkryk te aanvaar en saam met hulle te leef, is totaal iets anders as wat die geestelikes van vandag van ouers teenoor hulle kinders verwag. Hulle verwag dat ouers hulle kinders se "rabbi’s, leermeesters en geestelike vaders en moeders" sal wees – hulle moet goddelike mag vir kinders wys en sê wat hulle moet doen - al doen hulle dit nie self nie.
Vandag werk dit so in die valse koninkryk (die stoel van Moses):
* Ouers, onder die mag van geestelike leiers, moet God in hulle lewe innooi en Jesus koning van hulle lewe maak;
* en dan "Jesus in hulle lewe" vir hul kinders wys. So verwring hulle die verhouding van kinders met ouers.
So word kinders nou
* die "volgelinge" van leiers,
* "menti" van mentors,
* "nabootsers" van voorbeelde,
* "dissipels" van afrigters,

* en "werkers" van bestuurders.
Daarteenoor: in Jesus Christus se koninkryk vervul Hy self aan kinders sy beloftes en neem hierdie verwronge geestelikheid weg tussen ouers en kinders. “Hulle sal nie meer elkeen sy medemens of sy broer leer en sê: Ken die Here!” nie. Want hulle almal sal My ken, van die kleinste tot die grootste onder hulle,” Ouers én kinders, sáám huisgenote en deelgenote van God se beloftes! Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za   Ds Petrus.